

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersieningsnommer : 2025/2002

In die Hersiening van:

DIE STAAT

versus

ERASMUS STEFANUS CLOETE EN VYF HERSIENINGSACE

CORAM: HANCKE et WRIGHT RR

UITSPRAAK: HANCKE R

DATUM GELEWER: 14 OKTOBER 2002

Daar blyk onsekerheid te wees onder welke ouderdom voorvonnisverslae vir jeugdiges aangevra moet word, soos blyk uit verskeie hersieningsake wat die afgelope tyd voor my gedien het, en wel na aanleiding van twee uitsprake van hierdie Hof in:

STAAT v MOOLMAN EN 'N ANDER (appèlnommer 243/2001) gelewer op 23 Mei 2002; en

STAAT v N TSAPO EN 'N ANDER (hersieningszaak 1101/2002) gelewer op 22 Augustus 2002.

In eersgenoemde saak was die betrokke beskuldigde 18 jaar oud gewees tydens die pleging van die misdryf van moord. Op bl 12 van die uitspraak verklaar Malherbe, RP die volgende:

"In die lig van hierdie sterk bewoorde uitspraak waaraan hierdie Hof gebonde is, meen ek dat eerste appellant se vonnis tersyde gestel moet word sodat die geleerde Verhoorregter opnuut oor vonnis kan besin na verkryging van voorvonnisverslae en verdere getuienis en/of argumente in sy diskresie."

Die uitspraak waarna verwys word, is dié van **STAAT v PETERSON EN 'N ANDER** 2001(1) SASV 16 (HHA) waar Olivier, AR op 22e tot 24c die volgende verklaar word:

"[18] Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die uiters moeilike taak van 'n verhoorhof om vonnis op te lê in omstandighede soos in die onderhawige geval, meen ek dat die appèl teen die vonnisse moet slaag tot die mate hieronder aangedui.

[19] 'n Vonnis van 18 jaar gevangenisstraf is 'n baie swaar vonnis (per Vivier AR in **S v BARNABAS** 1991(1) SASV 467 (A) op 470a en sien ook **S v SOCI** 1986(2) SA 14 (A)), te meer waar dit opgelê word aan kinders met 'n skoon rekord en wat klaarblyklik sonder voorbedagte rade opgetree het. Die opgelegde vonnisse is langer as elkeen van die appellante se lewensjare; is opgelê aan twee onvolwasse kinders wat opsigtelik gebuk gegaan het onder 'n gebrek aan oordeelsvermoë en waarskynlik onder die invloed van 'n bendekultuur en 'n gewelddadige milieu (sien oor vergelykbare faktore en gepaste strawwe vir jeugdiges **S v MACHASA EN ANDERE** 1991(2) SASV 308 (A) op 318g-h; **S v LENGANE** 1990(1) SASV 214 (A) op 220b-h; **S v LEHNBERG EN 'N ANDER** 1975(4) SA 553 (A) op 451A-H).

[20] 'n Vonnis van gevangenisstraf behoort aan geen jeugdige opgelê te word

sonder behoorlike voorvonnis-verslae en getuienis aangaande die persoonlikheid, persoonlike omstandighede en agtergrond, en 'n ernstige oorweging van al die toepaslike alternatiewe vonnisopsies nie (sien **S v QUANDU EN ANDERE** 1989(1) SA 517 (A) op 522H-524G; **S v Z EN VIER ANDER SAKE** 1999(1) SASV 427 (OK) op 441 para 3; **S v H AND ANOTHER** 1978(4) SA 385 (OK). Dit is nie in die onderhawige geval gedoen nie. Die moontlikheid bestaan dat 'n onreg die appellante aangedoen is. Die vonnisse kan dus nie gehandhaaf word nie.

[23] Dit word van die vonnisoplegger verwag om 'n dinamiese rol te speel by vonnisoplegging, veral wat jeugdiges betref. In hierdie verband onderskryf ek die volgende paragrawe van die uitspraak van Erasmus R (waarmee Jones R saamgestem het) in **S v Z EN VIER ANDER SAKE** (*supra* op 441):

'3 Die hof sal dinamies handel ten einde volledige besonderhede van die beskuldigde se persoonlikheid en sy persoonlike omstandighede te bekom. Die hof sal **waar nodig 'n voorvonnisverslag van 'n proefbeampte en/of 'n korrektiewe beampte aanvra**. So 'n verslag is aangewese waar die beskuldigde 'n ernstige misdryf gepleeg het, of vorige veroordeling het. Dit is onvanpas om 'n beskuldigde gevangenisstraf, ook opgeskorte gevangenisstraf, op te lê sonder die voordeel van 'n voorvonnisverslag.

4 Die hof sal met sorg en verbeelding sy wye diskresie gebruik ten einde 'n vonnis te bepaal wat paslik is vir die beskuldigde gesien sy eie besondere omstandighede en die misdryf waaraan hy skuldig bevind is. Dit behels eerstens die bepaling van die mees gepaste vorm van straf en tweedens die aanpassing van daardie straf om aan die behoeftes van die bepaalde beskuldigde te pas.'

[25] Die verlangde dinamiese optrede het in hierdie saak in die slag gebly. Dit mag wees dat in die onderhawige termyn gevangenisstraf, selfs 'n lang termyn, wel 'n aangewese straf is. Maar dit kan alleen beoordeel word as die riglyne in paras 3 en 4 op 441 van **S v Z EN VIER ANDER SAKE**, hierbo genoem, ten volle nagekom is, veral waar dit hier gaan om jeugdiges. Ten einde dit te vermag, moet die opgelegde vonnisse ter syde gestel word en moet die aangeleentheid na die verhoorhof terugverwys word vir die verkryging van die nodige inligting en vonnisoplegging van nuut af."

Dit is belangrik om daarop te let dat die "jeugdiges" waarna verwys is in gemelde

saak, onderskeidelik **15** en **16** jaar oud was asook dat 'n lang vonnis van gevangenisstraf in die hof *a quo* opgelê is.

Dit is verder van belang om te let op die ouderdomme van die vier beskuldigdes in **STAAT v Z EN VIER ANDER SAKE** (*supra*), naamlik onderskeidelik **16** jaar, **16** jaar, **17** jaar en **18** jaar oud. In die eerste drie gevalle is die vonnisse tersyde gestel en terugverwys na die landdros om 'n verslag van 'n proefbeampte en/of korrektiewe beampte te bekom. In die geval van die **18** jarige is sy vonnis, sonder 'n voorvonnisverslag, bekragtig (bl 446b tot i van die uitspraak).

Dit blyk geykte reg te wees dat hoe jonger 'n oortreder is, hoe meer versigtig of onwillig is 'n hof om, sonder volledige besonderhede van die oortreder, hom of haar na die gevangenis te stuur. In **STAAT v MOHLOBANE** 1969(1) SA 561 (A) word volledig na die posisie van die minderjarige in die Romeinse Reg verwys. Gemelde saak het gehandel oor die jeugdigheid van 'n oortreder as synde versagte omstandighede by die oplegging aldan nie van 'n doodvonnis. Rumpff, AR verklaar op 567G-568A die volgende:

"Hoe jonger 'n beskuldigde sou wees, hoe meer sou getuienis omtrent sy agtergrond, opvoeding, graad van intelligensie en algemene geestesvermoëns ter sake wees by die beoordeling van sy graad van volwassenheid en derhalwe die laakbaarheid van sy daad. In die geval van 'n jeugdige van bv **17** jaar kan ek my beswaarlik voorstel dat 'n Hof 'n doodvonnis sou op lê sonder om inligting te kry oor bogenoemde feite en dit te oorweeg. En selfs al sou die verdediging geen getuienis daaromtrent lei nie sou ek verwag dat 'n Hof, wat redelik optree, inligting daaromtrent versoek, veral omdat in die geval van jeugdiges, ouderdom op sigself nie altyd 'n maatstaf van die graad van volwassenheid is nie. Selfs by 'n grensgeval, soos die geval van die huidige appellant moontlik beskou kan word, veral as hy **18** jaar of effens ouer was toe hy die misdaad begaan het, kan 'n Hof van mening wees dat dit wenslik sou wees, voordat die doodvonnis opgelê word, om getuienis aan te hoor oor die beskuldigde se agtergrond en persoonlikheid, met die doel om 'n oordeel te vel oor die graad van volwassenheid wat die beskuldigde besit."

Ten opsigte van die erns van 'n misdaad wat deur 'n jeugdige gepleeg word, word op 568A-B die volgende verklaar:

"Ek dink dat die mening omtrent 'n gegronde hoop tot verbetering van 'n

jeugdige, wat nog onvolwasse is, beswaarlik gedoen kan word sonder gegewens omtrent sy agtergrond en persoonlikheid. Aan die ander kant, wanneer die misdaad self hoogs laakbaar is en die aard van die misdaad toon dat oorwegings van verbetering, gegrond op onvolwassenheid, geen doel sou dien nie of moet wyk teenoor die oorweging van die beskerming van die gemeenskap of van afskrikking, of van verontwaardiging, sou 'n Hof redelikerwyse kon besluit, selfs in 'n geval van 'n jeugdige, en *a fortiori* by 'n grensgeval, dat gegewens omtrent die jeugdige se agtergrond en persoonlikheid nie nodig is nie."

In **STAAT v Z EN VIER ANDER SAKE** (*supra*), verklaar Erasmus, R op 441e-g die volgende:

"Die hof sal, as uitgangsbeginsel, waar moontlik straf in die vorm van gevangenissetting vermy, met besondere inagneming daarvan -

(i) dat hoe jonger die beskuldigde, hoe minder paslik is gevangenisstraf;

(ii) dat gevangenisstraf besonderlik onpaslik is in die geval van 'n eerste oortreder; en

(iii) dat korttermyn gevangenisstraf selde paslik is;

en sal altyd die gepastheid van ál die ander strafopsies oorweeg.

Indien gevangenisstraf dan nietemin, in ál die tersake omstandighede en met inagneming van die oogmerke van straftoemeting, die paslike vonnis blyk te wees, sal die hof dit oplê."

Die effek van die voorgaande, na my mening, is dat hoe jonger 'n oortreder is, hoe groter is die behoefte vir meer getuienis omtrent sy agtergrond en persoonlike omstandighede en dus vir die aanvra van 'n voorvonnisverslag. Om te bepaal onder watter ouderom sodanige verslag aangevra moet word, is dit van belang om te kyk na sekere bepalings van die Wetgewer, asook onlangse gesag.

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 artikel 28(1)(g) maak voorsiening daarvoor dat elke kind die reg het

"om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg"

Hierdie bepaling is van toepassing op alle persone **onder 18 jaar**.

2. Die Verenigde Nasies se *Convention on the Rights of the Child* (1989) ("CRC") is op 16 June 1995 deur Suid-Afrika geratifiseer. In **STAAT v KWALASE** 2000(2) SASV 135 (K) verklaar Van Heerden R op 138g-h die volgende ten opsigte van die aanvaarding van die "CRC":

"..... by so doing, assumed an international legal obligation to put into effect in its domestic law the provisions of this Convention (see article 4). Various provisions in CRC *`underline the policy that children **under the age of 18 years** who are accused of committing offences should, as far as possible, be dealt with by the criminal justice system in a manner that takes into account their age and special needs'* (see Van Heerden *et al* Boberg's Law of Persons and the Family 2nd ed (1999) 865 *in notis*). Thus, article 40(1) embodies the right of a child in conflict with the penal law *`to be treated in a manner consistent with the promotion of the child's sense of dignity and worth, which reinforces the child's respect for the human rights and fundamental freedoms of others and which takes into account the child's age and the desirability of promoting the child's reintegration and the child's assuming a constructive role in society.'*"

In voormelde saak was die beskuldigde tydens pleging van die misdryf **15** jaar en 11 maande oud en tydens vonnisoplegging **17** jaar en word die belangrikheid van die verkryging van 'n behoorlike voorvonnisverslag in die uitspraak beklemtoon (p 140c tot 141j).

3. Artikel 51 van die Strafregwysigingswet, No 105 van 1997 onderskei tussen drie klasse oortreders, naamlik volwassenes, kinders onder 16, en dié tussen **16** en **18** jaar tydens die pleging van 'n misdryf. 'n Hof is verplig om 'n minimum vonnis op te lê ten opsigte van 'n oortreder wat reeds **18** jaar oud was, tydens die pleging van die misdryf, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede teenwoordig is. Dit blyk ook dat artikel 51(3)(b) van gemelde Wet, wat van toepassing is op oortreders tussen **16** jaar en **18** jaar geen verwysing bevat na

"wesenslike en dwingende omstandighede" nie. In hierdie verband verklaar die Volbank in **STAAT v NKOSI** 2002(1) SASV 135 (W) by monde van Cachalia, R op 142c-d die volgende:

"It therefore must be accepted that despite the peculiar wording of s 51(3)(b) the Legislature intended children of between 16 and 18 years of age to be treated more leniently than those offenders who have turned 18 and are consequently deemed to be more mature."

4. Artikel 290(1)(a), (b) en (c) van die Strafproseswet No 51 van 1977 handel spesifiek met oortreders onder die ouderdom van **18** jaar. In **STAAT v NKOSI** (*supra*) word op 143g-i die volgende verklaar:

"The appreciation that juvenile delinquency does not necessarily lead to adult criminality and that it is frequently part of a phase of adolescent development has therefore been a consistent theme in the development of a judicial policy on child sentencing. This policy has also received statutory recognition through s 290(1)(a), (b) and (c) of the Criminal Procedure Act 51 of 1977. This section empowers a Court which is dealing with a convicted person under the age of **18** to exercise a discretion to punish a juvenile offender in the ordinary way but to have regard to alternative routes of punishment such as placing the person in the custody of a probation officer, correctional official or any suitable person designated in the order. The Court has an unlimited discretion in this regard, even in respect of the most serious offences."

Vergelyk artikels 50(4), 71 en 73(3) van die Strafproseswet, wat ook 'n onderskeid maak tussen oortreders onder en bo **18** jaar.

Sien ook **S v W** 1990(1) SASV (NK) te 275b-c.

5. Die Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, No 1 van 2002 het op 19 Maart 2002 in werking getree, en bepaal dat 'n persoon as "meerderjarig" geag word by die bereiking van die ouderdom van **18** jaar.

6. Die Kieswet, No 73 van 1978 maak voorsiening daarvoor dat 'n Suid-Afrikaanse Burger wat **18** jaar, of ouer is, 'n "kieser" is wat kan stem.

Wat die regspraak betref, is gewys op die belangrikheid van 'n voorvonnisverslag in **STAAT v KWALASE** (*supra*), waar die oortreder **15** jaar en 11 maande oud was; in **STAAT v J AND OTHERS** 2000(2) SASV 310 (K) waar die oortreder **16** jaar oud was. In **STAAT v W** 1990(1) SASV 262 (NK) te 275b-c word 'n onderskeid getref tussen betreders van bo en onder **18** jaar. In **STAAT v D** 1999(1) SASV 122 (NK) was die beskuldigde 'n **17**-jarige seun en is die saak na die streekhof terugverwys ten einde meer getuienis van die beskuldigde se persoonlike omstandighede te verkry by wyse van 'n proefbeampteverslag asook 'n korrektiewe beampte verslag. In **STAAT v Z EN VIER ANDER SAKE** (*supra*) is die vonnis van die **18**-jarige seun bekragtig maar dié van die **16**- en **17**-jariges tersyde gestel vir doeleindes van die verkryging van 'n voorvonnisverslag.

Wat die twee onlangse beslissings in die OPA betref, die volgende: In die saak van **STAAT v MOOLMAN** (*supra*) het hierdie Hof hom gebonde gehou aan die saak van **STAAT v PETERSON EN 'N ANDER** (*supra*) waar die beskuldigdes **15** en **16** jaar oud was. Gemelde sake het ook met goedkeuring verwys na **STAAT v Z** (*supra*), waar die vonnis van 'n **18**-jarige oortreder bekragtig is sonder die verkryging van 'n voorvonnisverslag. Indien **STAAT v MOOLMAN** (*supra*) saamgelees word met dié van **STAAT v PETERSON EN 'N ANDER** (*supra*) en **STAAT v Z** (*supra*) meen ek nie dat dit geïnterpreteer kan word as synde verpligtend om 'n voorvonnisverslag te kry indien die oortreder **18** jaar en ouer was nie. Dit kan egter dien as 'n belangrike riglyn wanneer jeugdige oortreders gevonnissen word. In hierdie verband is dit van belang om te let op die Volbankbeslissing van **STAAT v NKOSI** (*supra*) waar op 151a-c die volgende verklaar word:

"In **S v PETERSON EN 'N ANDER** 2001(1) SACR 16 (SCA) para [19] at 22 Olivier JA expressed his concern that an effective sentence of 18 years imposed on two appellants who were aged **15** and **16** respectively for the murder of the deceased as well as the unlawful possession of firearms and ammunition in what appeared to a gang related activities was in excess of their natural years of life. He observed that 18 years' imprisonment was a very heavy sentence. While Olivier JA's remarks constitute **an important guideline in the sentencing of juvenile offenders, it should not be elevated into an inflexible rule.**"

(My beklemtoning)

Dit is ook dienstig om te verwys na die hersieningsuitspraak van **STAAT v NTSABO EN 'N ANDER**, (ongerapporteerde hersieningsuitspraak no 1101/2002,

gelewer op 22 Augustus 2002) waar Rampai, R op p 7 die volgende verklaar:

"Those three decisions catalogued a selection of leading caselaw relating to juvenile offenders, in my view any person below the age of **22** years (*vide* **S v LETSOLO** 1970(3) SA 476 (AD).)"

Die drie beslissings waarna verwys word, is die **MOOLMAN**- en **PETERSON**-sake (*supra*), asook een van die geleerde Regter self.

Die beslissing verwys na in die aanhaling, het gehandel oor die aanwesigheid van versagtende omstandighede by 'n moord en het die vraag ontstaan welke gewig geheg moet word aan die ouderdom van die beskuldigde wat ten tye van die pleging van die moord 21 jaar oud was. Na my mening maak dit nie 'n bydrae tot die vraag op welke ouderdom 'n voorvonnisverslag aangevra behoort te word nie. Die opmerkings in hierdie verband is in elk geval *obiter dictum*, aangesien die betrokke beskuldigdes in die hersieningszaak onderskeidelik 15 jaar en 18 jaar oud was. In hierdie verband kan ook verwys word na die saak van **STAAT v MACHASA EN ANDERE** (*supra*) waar Van Heerden, AR op 318d die volgende verklaar:

"In die geval van 'n beskuldigde onder die ouderdom van **18** jaar het die Wetgewer klaarblyklik jeugdigheid as 'n outomatiese versagtende omstandigheid beskou. Onder die nuwe bedeling meegebring deur die reeds genoemde Wet kan 'n persoon onder die ouderdom van **18** jaar natuurlik nie tot die dood veroordeel word nie (gewysigde art 277(5)(a) van die Strafproseswet 51 van 1977). Jeugdigheid as 'versagtende' faktor word dus nog sterker as vroeër aangeslaan."

Vergelyk **S v LEHNBERG EN 'N ANDER** (*supra*) te 561A-B.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Wetgewer onderskei tussen verskillende groepe van ouderdom, meer spesifiek persone onder **18** asook dié bo **18** jaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat jeugdigheid nog áltyd as 'n belangrike versagtende omstandigheid beskou is. Dit beteken egter nie dat dit verpligtend is om in alle gevalle waar jeugdiges oortree, 'n voorvonnisverslag aan te vra nie. As gevolg van logistieke en ander praktiese probleme daaraan verbonde, sal dit tydrowend en kan dit tot nadeel wees van dié jeugdiges wat werklik baat daarby

kan vind.

In die lig van die voorgaande kan die volgende breë riglyne neergelê word, wat egter geensins as rigiede riglyne beskou moet word nie:

1. Hoe jonger die oortreder, hoe belangriker is dit om volledige getuienis omtrent sy/haar agtergrond, opvoeding, intelligensie en algemene geestesvermoëns voor die hof te lê, hetsy by wyse van 'n voorvonnisverslag, of andersins.

2. In die algemeen, afhangende van die omstandighede van die betrokke saak, behoort 'n voorvonnisverslag aangevra te word ten opsigte van alle oortreders **onder die ouderdom van 18 jaar**.

3. Dit mag selfs nodig wees in die geval van 'n 18-jarige oortreder, of ouer, om sodanige verslag aan te vra. In hierdie verband kan dit onverantwoordelik wees om vaste reëls neer te lê.

4. Ander faktore soos die erns van die misdaad, die beskuldigde se vorige veroordelings, die tydperk wat verloop tussen die pleging van die misdaad en die verhoor, en ander moontlike aspekte kan ook 'n rol speel.

In die lig van die voorgaande uiteensetting, is dit nou nodig om te handel met die huidige saak wat tans onder hersiening is.

STAAT v ERASMUS STEFANUS CLOETE

Beskuldigde is 'n 19-jarige eerste oortreder wat skuldig bevind is aan poging tot diefstal, deurdat hy gepoog het om 'n motorradio uit 'n voertuig te steel en skade ten bedrae van ongeveer R1 500 veroorsaak het. Na skuldigbevinding is hy gevonnissen tot 18 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande opgeskort is op sekere voorwaardes. Na my mening is dit onnodig om 'n voorvonnisverslag te verkry, maar blyk die vonnis inaggenome die jeug van die appellant, treffend onvanpas te wees.

Die beskuldigde se skuldigbevinding word bekragtig maar die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

8 maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir 4 jaar, op voorwaarde dat hy nie weer skuldig bevind word aan diefstal, of poging daartoe en waarvoor hy 'n onopgeskorte vonnis sonder die keuse van 'n boete opgelê word, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

STAAT v SEDRICK MEY (hersieningszaak 1889/2002)

Die beskuldigde is 'n 18-jarige eerste oortreder wat skuldig bevind is aan roof deurdat hy 'n bejaarde vrou van onder andere van 'n beursie met R260 kontant, identifikasiekaart, bestuurderslisensie en kredietkaarte beroof het, nadat hy haar omgestamp het. Hy is tot 12 maande gevangenisstraf gevonnisd. Die Direkteur van Openbare Vervolgings, adv Du Toit, SC en adv Landman het 'n volledige opinie in hierdie saak verskaf en is ek hulle dank verskuldig vir die waardevolle bydrae wat hulle in dié verband gelewer het. In die opinie word daarop gewys dat die houe nie 'n te hoë verwagting van beamptes moet koester by die voorlê van sodanige verslae nie, asook op die feit dat daar dikwels lank gewag word vir verslae en dat die gehalte daarvan dikwels te kort skiet. Ek kan hier byvoeg dat die verslae wat voor my gedien het die afgelope twee weke terwyl ek aan diens was, van weinig nut was om by 'n gepaste vonnis uit te kom.

In die lig van die erns van die misdryf, asook die feite wat op rekord geplaas is, is ek van mening dat dit nie nodig is om in hierdie saak 'n voorvonnisverslag aan te vra nie.

Bygevolg word die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

DAVID NTSABO EN 'N ANDER (hersieningszaak 1101/2002)

Na aanleiding van **STAAT v NTSABO** (*supra*) hierbo na verwys het die landdros nou 'n voorvonnisverslag verkry en 'n soortgelyke vonnis opgelê as vantevore. Beide beskuldigdes is skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal, die een beskuldigde, 'n 18-jarige, is tot 6 maande gevangenisstraf gevonnis en die tweede, 'n 15-jarige wat 'n vorige veroordeling vir diefstal het, tot 12 maande gevangenisstraf gevonnis en gelas dat hy in 'n jeugsentrum opgeneem moet word. Laasgenoemde byvoeging, naamlik die opname in die jeugsentrum, is 'n byvoeging by die vonnis nadat 'n voorvonnisverslag verkry is. Dit blyk dat die skuldigbevinding en vonnis nou in orde is.

Bygevolg word die skuldigbevindings en vonnisse van beide beskuldigdes bekragtig.

JOHANNES GALAWE (*hersieningszaak 251/2002, 252/2002 en 253/2002*)

Dit is dieselfde beskuldigde wat skuldig bevind is in drie verskillende sake aan diefstal en onderskeidelik tot 12 maande, 12 maande en 18 maande gevangenisstraf gevonnis is. Tydens die pleging van die misdryf was hy **20** jaar oud gewees. Sy misdaadloopbaan het 'n aanvang geneem op 28 Junie 2000, en voortgesit op 9 Februarie 2001 waar hy skuldig bevind is aan misdrywe wat nie huidiglik ter sake is nie. Daarna, op 6 June 1998 is hy skuldig bevind aan verskeie huisbrake met die opset om te steel en diefstal en ingevolge artikel 297(1)(a) van Wet 51 van 1977 is sy vonnis, of die oplegging daarvan, uitgestel vir 'n tydperk van 5 jaar en is hy onvoorwaardelik vrygelaat en beveel om voor die hof te verskyn indien hy voor gemelde tyd daartoe opgeroep word. Ses maande later, op 26 Augustus 1998 is hy skuldig bevind aan drie aanklagte van diefstal, wat saamgeneem is vir doeleindes van vonnis en is hy tot 6 maande gevangenisstraf gevonnis. Op dieselfde dag is hy ook skuldig bevind aan ontsnapping en tot 6 maande gevangenisstraf gevonnis. Daarna, op 2 September 1999 is hy skuldig bevind aan diefstal en is hy gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf. Na my mening sal dit geen doel dien om hier 'n voorvonnisverslag aan te vra nie. Bygevolg word die skuldigbevindings en vonnisse in bogemelde drie sake bekragtig.

SPB HANCKE, R

EK STEM SAAM:

GF WRIGHT, R